DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. DONDERDAG, 5 JUNIE 1958 NR. 7

# Die A.S.B.: *Waarvandaan? Waarom? Waarheen?*

Onder bostaande opskrif het 'n artikel in die uitgawe van November 1950 van „Spoorslag" verskyn. Dit is geskryf deur Tobie de Clerq (nou ds.), destyds Studenteraadsvoorsitter van U.S. en hoofbestuurslid van die A.S.B.

Aangesien die vraagstuk van die verhouding van A.S.B. en N.U.S.A.S. tans aktueel is, herpubliseer ons dit hieronder.

**Les uit Studente-Geskiedenis:**

Die Afrikaanse Studentebond soos dit vandag bestaan, het 'n kort maar weliswaar 'n betekenisvolle geskiedenis. Dit was op 16 Junie 1948 dat 'n uitnodiging van die Studenterade van die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch uitgegaan het tot alle Afrikaanse inrigtings vir hoër onderwys om op Saterdag, 26 Junie, in Pretoria te vergader vir samesprekings met die oog op die herstel van die eenheid onder die geledere van Afrikaanse studente. Uit hierdie samesprekings is 'n eenheidsstrewe gebore wat onmiddellik aanleiding gegee het tot die stigting van die A.S.B. in sy huidige vorm op die eerste kongres wat in Augustus van daardie jaar in Bloemfontein gehou is.

Die feit dat die Afrikaanse studentegemeenskap hom op hierdie tydstip spontaan kon verenig in 'n lewenskragtige bond, terwyl vorige eerlike pogings om mekaar te vind, so jammerlik op lokale vooroordele gestuit het, was inderdaad 'n sprekende bewys van hoe sterk die behoefte aan verenigde optrede onder die nood van omstandighede reeds gegroei het.

**Skreiende Kontras:**

Daar was veral twee omstandighede wat die Afrikaanse student in daardie jaar ontnugter het en hom die hand van vriendskap laat reik het in die eerste plek na sy mede-Afrikanerstudent: Daar was die skreiende kontras tussen die verbrokkelde geledere van die Afrikaanse studentegemeenskap en die kragdadige eenheidsoptrede van die Afrikaner in die publieke lewe van die land soos die algemene parlementêre verkiesing op so 'n verrassende wyse aan die lig gebring het. En daar was die skromelike gebrek aan 'n mondstuk wat by die owerheid en in die buiteland die standpunt van die Afrikaanse student kon laat hoor. Hierby was elkeen seer bewus van die valse stem wat namens alle S.A. studente gespreek het — 'n stem wat gladnie ons taal gespreek het nie en so ons eie stilswye destemeer opvallend gemaak het. Uit hierdie omstandighede is gebore 'n nuwe bond met sy eie karakter wat moes aansluit by daardie omstandighede.

**Waarom sonderlinge karakter?**

Waarom dra die A.S.B: dan so 'n sonderlinge karakter? Waarom rus dit op 'n kultuurgrondslag en is dit nie tevrede met die „neutrale" akademiese basis waarop bv. NUSAS staan nie? Ons hoor vandag die propagandiste van genoemde organisasie dat die A.S.B. ten laste lê dat hy nie wesenlik voldoen aan die vereistes van 'n studente-unie nie. Die basis vir so 'n unie sou alleen wees gemeenskaplike studentebelange — ek neem aan akademiese belange moet oorgelaat word aan ander verenigings soos die A.T.K., Voortrekkers, C.S.V., ens.

Op hierdie vrae bied die hele geskiedenis van Suid-Afrikaanse Studente-organisasies ons 'n antwoord: Die ou NUSAS wat 'n kleurlose akademiese karakter gehad het, kon op die duur nie 'n sterk genoeg band wees nie; die nuwe NUSAS het reeds sy karakter as 'n „neutrale akademiese unie" geloën waar hy hom keer op keer uitspreek oor kultuurprobleme; die ou A.S.B. en A.N.S. wat uitsluitlik „kultuurverenigings" was, kon nooit werklik verteenwoordigend van die algemene studente-belang wees nie; so ook die Federasie van Blanke S.A. Studente.

(Word vervolg in uitgawe van 19 Junie)

## ONS ENIGSTE TROOS . . .



Haarsny is een terrein waar die Pukke nog onoorwonne is. En natuurlik: Die treinreis was wonderlik; veral met 'n Pa soos oom Jannie!

# Amerikaanse Atletiekdeskundige besoek ons.

Dr. en Mevr. Raymond Ciszeh het na Suid-Afrika gekom op 'n besoek om aandag te gee aan ons atletiek, en dan veral aan die afrigting. Hulle onkoste word gedra deur die Amerikaanse regering. Sy reisplan in Suid-Afrika is opgestel deur die Suid-Afrikaanse Sportfederasie in samewerking met die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiek-unie. Dit stel hom in staat om al die atletiekbonde in Suid-Afrika te besoek.

Ook aan die W.T.A.A. bring hy 'n besoek en wel vanaf 10 tot 14 Junie. Die doel van sy besoek aan hierdie gebied is veral om ons toekomstige onderwysers touwys te maak. Ons dink hier veral aan ons eie atlete en L.O.-studente. Sy program sal dus beide teoretiese- en praktiese lesings insluit. Verder sal hy hierdie lesings van hom ophelder deur filmvertonings.

Die besoek aan Potchefstroom is van die grootste belang vir ons studentegemeensk.ap Die uitvoerende bestuur van die W.T.A.A. wil dan ook hiermee 'n dringende beroep op ons studente doen om van hierdie unieke geleentheid gebruik te maak. Almal kan baie leer van Dr. Ciszeh wat as een van die knapste afrigters in die V.S.A. beskou word.

Die program vir sy teoretiese lesings is as volg:

**Dinsdag:** 11—12.30 vm — P.O.K.-Hoofgebousaal.
8.—9.30 nm. — P.O.K.-Hoofgebousaal, Filmvertoning.

**Woensdag:** 11—12.30 vm. P.U. vir C.H.O., L.O.-Gebou.
8 — 9.30 nm. Plantkundelaboratorium, Filmvertoning.

Sy praktiese afrigting gee hy elke middag, behalwe Vrydagmiddag van 3—5.00 nm. op die Park.

Saterdagoggend rond Dr. Ciszeh sy program hier af met 'n demonstrasielesing op die Park (vanaf 10.15 vm.).

Kom gerus. U kry selde so 'n kans.

Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

S & S

Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
POTCH MINERAL WATERS

Sanlam
DIE WAARBORG VIR UITKOMS
VIR U EN U GESIN!
Verteenwoordig deur —
Wyksbestuurder: W. J. S. COETSEE. Tel. 106
Huisadres: Hoffmanstraat 84,
Kantoor: H/v. Kerk- en Lombardstraat.

MALAN MEUBILEERDERS
KERKSTRAAT 112,
Telefoon 2157
POTCHEFSTROOM
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

Excelsior Meubels
Kerkstraat 184 — Potchefstroom — Telefoon 743
„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die Meubelbedryf.
Ons reël Afbetalings wat by nuwe beginners se inkomste pas.

CENTRAL NEWS AGENCY LTD.
CNA
Ons voorsien in alle UNIVERSITEITSBOEKE, SKRYFBEHOEFTES, PLAASLIKE en OORSESE TYDSKRIFTE en KOERANTE.
Kerkstraat 139 - - - - - - - - - - Telefoon 114
POTCHEFSTROOM

Die Wapad
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
DONDERDAG, 5 Junie 1958

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.
HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - Andries Myburg.
O/HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - Nesco du Toit.
NUUS - - - - - - - - - - - - - - - Jan v. d. Schyff.
INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE - - Chris Coetsee
KUNS - - - - - - - - - - - - - - - - Riekie Dekker.
(Waarnemend) - - - - - - - - - - - Enid Rautenbach.
SPORT - - - - - - - - - - - - - - - De Wet Krüger.
VARIA - - - - - - - - - - - - - - - - - Susan Roets.
TEGNIESE-ADVISEUR - - - - - - - - - - - Dries Yssel.
FOTOGRAAF - - - - - - - - - - - - - Hannes v. d. Walt.
PENNINGMEESTER - - - - - - - - - - - Hans van Zyl.
ADVERTENSIEBESTUURDER - - - - - - - - Eike Howaldt.
SIRKULASIEBESTUURDER - - - - - - - - - - Leon Swart.

# Staatkundige Besinning.

Nog 'n verkiesing het gekom en gegaan, en vir ons as studente 'n tydjie van opwinding en geesmakery. Vir drie dae het ons geesdrif geen paal of perk geken nie. 'n Driedaagse fees, sonder klasloop. Dit was lekker om student te wees!

Noudat al die opgewondenheid egter verby is, en ons weer getref word deur die harde werklikheid, die feit nl. dat die proffies gereëlde bywoning van klasse eis, nou kan ons weer kalm oor die sake nadink. In die verband bly daar egter dan 'n paar dinge wat my hinder.

In die eerste instansie nou, nadat ons almal geesdriftig deelgeneem het aan die verkiesing, het die tyd van besinning gekom — maar hoeveel van ons het al deeglik nagedink oor die sake waaroor die verkiesingstryd gegaan het? Hoeveel van ons het, soos dit 'n student betaam, op wetenskaplike wyse probeer rekenskap gee van die dinge? Hoeveel stel opreg belang in ons landsvraagstukke om 'n positiewe bydrae te lewer tot die oplossing daarvan? Is ons nie altyd te geneig om 'n gesaghebbende mening te probeer uitspreek, sonder dat ons die saak eers deurgrond het en goed nagelees het? As ons bv. in gedagte hou dat met die volgende algemene verkiesing 18-jariges stemreg sal hê, moet ons die erns van die saak besef. Is ons nie te veel geneig om deur die massa meegesleur te word, sonder om 'n eie verantwoording en 'n lewenserns aan te kweek nie.

Om dus 'n lang storie kort te maak, wil ek graag daarvoor pleit dat ons sake van aktuele belang, wat beslis noodsaaklik is as ons 'n student in die volle betekenis van die woord wil wees, op 'n akademies-wetenskaplike basis te benader, en dit as eerste plig te beskou om 'n studie daarvan te maak. Dus: ons moet kan onderskei — 'n objektief kritiese houding inneem—om dan die ware van die skynbare, die korrels van die kaf uit te sif. So maklik word ons „opgesweep" terwyl die deursettingsvermoë om die saak te deurgrond, deur desnoods eers 'n studie daarvan te maak, feitlik in elke geval ontbreek.

Deur dus nie altyd die gulde middeweg te kies nie, en om gedurende die studentejare 'n gesonde oordeelsvermoë aan te kweek, is dit noodsaaklik dat ons van ons kant ook ten volle die geleenthede aan ons gebied benut: die student van vandag is tog die leier van more.

Dit is dus betreurenswaardig dat so min studente inskryf vir vakke soos bv. Naturelle-administrasie, Volkekunde, Staatsleer ens.; vakke om die nodige agtergrond te kry vir 'n objektiewe waardering van die dinge wat om ons aangaan. Hoe onakademies is dit tog nie om 'n stopvak te kies, net om 'n kursus vol te maak of omdat dit dan kwansuis minder werk sou hê, eerder as om in te skryf vir vakke waardeur ons kennis sal opdoen van ons moeilikste probleem, die rassevraagstuk. Ook van vraagstukke van ons staatsinrigting bv. die Senaat, die Provinsiale Raad; lg. wat ook nou dikwels in die kalklik gestel word. Maar ook t.o.v. sake van internasionale belang. Suid-Afrika begin 'n rol van toenemende belang op internasionale terrein speel. Daar is bv. die geskil tussen die Unie en V.V.O., terwyl ons in toenemende mate geraak word deur

(Vervolg langsaan)

# Oordenking

## „SONDAG: DIE HART VAN DIE DAE"

**Exodus 2 vers 8. — „Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig."**

Hierdie gebod van God stel nie aan ons, soos meeste gebooie, dit was ons moet nalaat nie, maar dit wat gedoen moet word: **gedenk** die Sabbatdag. Hier gaan dit nie soseer om die **verbod** op natuurlike arbeid nie as die gebod tot geestelike arbeid.

Dit wat ons moet **doen** is: **onderhouding** van die kerk; **luister** na die Woord van God, 'n **gebruikmaak** van die sakramente; die **aanroep** van God in die gebed; die Christelike **handreiking** aan die armes. In al hierdie dinge sit aksie.

Sondag is nie 'n dag wat mens „vryaf" het sonder meer nie. Die Christelike rus en wêreldse rus verskil hemelsbreed. Dit is nie 'n dag vir leeglê en niks doen nie — wie nie werk op die Sabbat, sal ook nie eet van die lewensbrood, en nooit sterk word in die geloof, en die ware rus, die diepe geloofsrus van die Sabbat nooit ken nie.

Nouliks is die Sabbat verby of op Maandag wag alweer vir ons Sabbatswerk omdat ons **al die dae** van ons lewe van ons bose werk moet rus. Ons is dus in **'n hewige stryd** gewikkel.

Ons vervul baie meer die gebod as ons ons besig hou met die dinge van die Vader as wanneer ons die daelikse besigheid nalaat. Gewoonlik word gevra wat mag ons **nie** doen op Sondag in plaas van wat moet **wel** op Sondag gedoen word. As ons die dinge van die Vader doen dan laat ons outomaties die dinge van die wêreld na.

In die lewe van die meeste gaan dit so: ons reis nie op Sondag nie, ons doen ook nie besigheid nie, ons studeer nie, ons doen nie naaldwerk nie, maar die swaarste van die wet, dit laat ons na, nl. die liefde. Die liefde vra: Here wat wil U hê moet ek **doen.** Die liefde wil weet wat God gebied om dit te kan doen uit dank-dankbaarheid.

As dit wat God van ons **vra** voor die gees staan dan is die Sabbat nie meer vir ons 'n Konsentrasiekamp omring deur 'n doringdraadomheining nie, van raak nie en smaak nie en roer nie aan nie, maar dan word Sondag vir ons die roem van die dae.

In die diepste sin was die Sabbat 'n profesie van rus wat te vinde is in die volbragte werk van Christus. Dit is die rus, die groot kalmte van die geloof, as ek weet dat ek met liggaam en siel die eiendom van Christus is wat my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof sal val nie.

Die Evangelie van rus in hierdie rustelose wêreld is: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee.

Ten slotte: Sondag is die sentrum en oorkoepeling van al die dae van die week. Dit is nie so dat net Sondag vir Here reserveer moet word en die ander dae nie. As ons werklik Sabbat gevier het, en die opstandingsdag van Christus herdenk het dan sal dit 'n heiligende invloed hê op elke dag van die week. Dit gaan dus nie net om nalaat van gewone arbeid op Sondag nie maar om die nalaat van jou bose werke elke dag van jou lewe.

Sabbat word min meer ontheilig as in die week.

Daarom, geagte medestudente, laat Sondag die hart wees van al die dae ook in u lewe, want wie die Sabbatslewe in beginsel hier op aarde ken, sal in die ewige Sabbatsrus van hiernamaals ingaan.

W. de Vos.

## STAATKUNDIGE BESINNING (Vervolg)

gebeure elders, veral in Afrika. Wat weet ons daarvan?

Deur sodanige studie sal ons in toenemende mate vir onsself rekenskap kan gee van ons landsvraagstukke, en 'n beter begrip kry van die tyd waarin ons lewe. Die vraag kom dus by my op of ons dan nie die stigting van 'n politieke studiekring (oor die naam kan later beslis word) moet oorweeg nie. (Daar bestaan alreeds so 'n kring onder die doserende personeel).

Een van die kenmerke van ons tyd is die oorheersende rol wat die staat speel. Is dit dan nie wenslik om ook t.o.v. die staat tot 'n goed gefundeerde Calvinistiese beskouing te raak nie, of moet ons die staat maar toejuig solank dit subsidies betaal en afbeur wanneer hy belastings hef?

Ten slotte, woorde van die Eerste Minister, ter oorweging:

„Niemand wat daarop aanspraak maak dat hy 'n goeie burger van Suid-Afrika is, durf afsydig staan wat die staatkundige terrein betref nie. Die hele toekoms van ons volk sal afhang van wat op staatkundige terrein in die toekoms gaan gebeur."

As dit die geval is, is ons taak duidelik. Die vraag is net: Hoe gaan ons ons daarvoor voorberei?

N. J. Viljoen.

# Broederlikheid: Kenmerk van die teologiese konferensie

Op 30 en 31 Mei het die voornemende predikante van die drie Afrikaanse Kerke 'n geslaagde konferensie gehou in die Ou Teologiese Skoolsaal. Afgevaardigdes van verskeie teologiese-verenigings in Suid-Afrika het die konferensie bygewoon, nl. van Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein, Wellington en plaaslik.

**Pluriformiteit:**

Weer eens kon daar besin word, nie alleen oor die verskeidenheid van die Kerk nie, maar ook oor die verdeeldheid daarvan. Die onderwerp van bespreking was, „Die Pluriformiteit van die Kerk". Hieronder word eerstens verstaan: Die verskeidenheid van die Kerk vanweë die verskeidenheid van volke, lande en tale. Dit is die ware pluriformiteit van die Kerk. Tweedens: Die sondige geskeidenheid vanweë die onderlinge verskil insake die waarheid. Dit is die sondige pluraliteit van die Kerk.

**Goeie Gees:**

Die lesings en besprekings was besonder vrugbaar, en die belangstellendes kon veel kennis daaruit put. Daar het deurgaans 'n gees van broederlikheid geheers, nieteenstaande die „gewaagdheid" van die onderwerp. Deurgaans is die diepe gevoel geopenbaar om die Kerk van Christus tot eenheidsopenbaring te bring, en almal was dan ook eensgesind oor die feit dat in hierdie reopingsbewustheid die **hand in eie boesem gesteek moet word.**

**Geskeidenheid:**

Verder is daar ook openlik gespreek oor die onderlinge verskille, en kon die verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Kerke so tot beter insigte kom waarom daar geskeidenheid heers. Die eenheid wat daar tog wel bestaan het telkens na vore gekom, nl. dat aldrie Kerke op **een** belydenis staan. Die verskil kom egter in die uitlewing van die belydenis. In hierdie **uitlewing** is daar dan ook diepgaande verskille.

**Vrug:**

Die vrug van die konferensie is dat tot die besef gekom is dat alleen op hierdie wyse, nl. broederlike samesprekings, die beste gevorder sal word in 'n poging tot kerkhereniging.

Veral het ook geblyk dat samewerking nodig is op die gebied van Sending — veral teenoor gevare soos die Rooms-Katolieke, Mohammedanisme en Kommunisme. Daar is egter sterk benadruk dat laasgenoemde oogpunt nie die motief van eenwording moet wees nie. **Die motief is en bly altyd om die eenheid van die liggaam van Christus tot openbaring te bring.**

**Slotwoord.**

Die konferensie is afgesluit deur Prof. W. J. Snyman wat 'n slotwoord gespreek het. Na aanleiding van Joh. 17 : 11 het hy daarop gewys dat ons nie daarna moet streef om die Kerk één te maak nie, want die Kerk van Christus **is één.** Ons roeping is egter om hierdie eenheid van die Kerk van Christus tot openbaring te bring.

Saterdagaand is die afgevaardigdes onthaal op 'n gesellige byeenkoms.

P. J. J. van der Walt.

Vir:

- GEKAPTE HOUT,
- BESTE KOLE,
- SKOON ANTRASIET
- en SMIDSKOLE,

Kom na . . .

**Stander & Linder**
**(Edms.) Bpk.**

Leweraars vir die Unie-tenderraad.
**Tel. 367 en 386—Wolmaransstr. 77**

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

**TURKSTRA BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 61**

Raadpleeg ons vir . . .

- BROOD

en alle

- KOEKSOORTE

**CORNER FRUIT STORE**

★

„U KEN ONS!"

**UNIE BAKKERYE**

**Posbus 244 - Foon 167 & 1086**

BROOD, KOEK en PASTEITJIES

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROU-, VERJAARDAG en DOOPKOEKE.

**Kerkstraat 60 - Potchefstroom**
**Spoorwegstraat - - Klerksdorp**

**PRESIDENT CAFE**
**GRAND CAFE**

and

**Van Riebeeck Cafe**

for:

- SWEETS,
- GRILLS
and
- COOLDRINKS.

**PRO REGE-PERS**

**Boekhandel**

**en**

**Antikwariaat**

vir al u

WETENSKAPLIKE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES.

**Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164**

**DIE BULT APTEEK**

**TOMSTRAAT 86.**
**TELEFOON 3091.**

Nou geopen en tot u diens!

ONS LEUSE IS:
**„DIENS aan die gemeenskap"**

**Ondersteun Oud-Pukke!**

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . ."
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n FIETS aan te skaf.

**C. van der MERWE**
**FIETSHANDELAAR**




**PROBLEEM VIR OPE VERGADERING?**

Ons Huis,
P.U. vir C.H.O.,
27 Mei.

Die Hoofredakteur,
Die Wapad.

Geagte Heer,

Met verwysing na die „Eindelik . . " van mnr. D. Postma in die laaste Wapad, die volgende:

Dat die beeld van die anker in die oorspronklike artikel deur my gebruik, hom tot te veel vertolkings leen, is nog duideliker na alles wat mnr. Postma daaruit kon haal. Dat selfs my uiteensetting in die vorige Wapad te algemeen is, is ook duidelik uit die skrywe van mnr. P.

Ek is werklik jammer oor die neerhalende toon wat spreek uit die „Eindelik . . . " asook die gebrek aan logika in sommige van mnr. P. se argumente. Omdat weinig egter bereik kan word deur hier daarop in te gaan, sal ek my net beperk tot die twee voorwaardes wat mnr. Postma stel alvorens die A.S.B. lid van I.S.K. kan word.

**Die behoud van die identiteit van die A.S.B. na binne en na buite:**

Aan hierdie voorwaarde moet en kan voldoen word omdat:

1. Die I.S.K. 'n studentekonferensie is. Net so min as wat die V.S.A., Rusland of Engeland iets van hul identiteit prysgee deur aan 'n konferensie deel te neem oor sake van gemeenskaplike belang, offer A.S.B. sy identiteit op deur 'n lid te word van die Internasionale Studentekonferensie. Daar bestaan wel kleiner verskille tussen die twee konferensies, maar albei bly nog konferensies. (Ter illustrasie die volgende: die I.S.K. het geen vaste konstitusie nie, maar sodra die Konferensie saamgestel is, word 'n soort van „konstitusie" opgestel. Verlede jaar het een klousule van daardie konstitusie die A.S.B. buite gehou, maar ek sien geen rede waarom in die toekoms met behoorlike voorbereiding van die kant van die A.S.B. hierdie klousule nie gewysig kan word nie. Ons moet dus uitgaan van die standpunt dat ons 'n klousule in die konstitusie van die I.S.K. gewysig moet kry i.p.v. die beginsels van A.S.B. op te offer — ten einde lid te kan word).

2. Die wese van die I.S.K. liberalisties is, en daarom 'n verskeidenheid menings selfs verwelkom word. Indien I.S.K. die mening van A.S.B. nie verwelkom nie, moet hulle op die inkonsekwente in hulle standpunt gewys word.

3. Geen lid van I.S.K. gebonde is om enige besluit van I.S.K. uit te voer nie.

4. By sy aansoek om lid te word moet die A.S.B. homself duidelik bekendstel en sê dat hy nooit bereid is om enige van sy beginsels op te offer nie. M.a.w. dat hy bereid is om saam te werk in soverre hy aan sy beginsels getrou kan bly.

**Of die kool die sous werd is:**

Indien A.S.B. lid word moet en kan die kool die sous werd wees omdat:

1. Die terrein waarop die A.S.B. van I.S.K. verskil, „slegs 'n geringe, hoewel belangrike onderafdeling van 'n baie vol agenda uitmaak." (Vergelyk die verslag van J. v. d. Vyver, p. 3). Terreine waarop samewerking moontlik is, sluit o.a. die volgende in: toere, kulturele aangeleenthede, studente-uitkenningskaartjies, akademiese konferensies, uitruil van studente. Slegs by die ondersoek van nasionale vraagstukke sal die A.S.B. radikaal verskil en daar moet die A.S.B. sy standpunt onomwonde stel.

2. Die grondslag alleen by 'n organisasie soos die A.S.B. nie die deurslaggewende is by die probleem van lid word van I.S.K. nie. Die terrein en doel is o.a. net so belangrik. Daarom sal die A.S.B. nie by die S.A.V.F. aansluit nie.

3. Alleen deur volwaardige lid van I.S.K. te word, A.S.B. sy taak na buite na behore sal kan volvoer. Tot hierdie oortuiging het ook mnr. Van der Vyver gekom — vandaar die aanbeveling in sy verslag (jammer dat mnr. P. nie daaraan aandag gee nie) dat die A.S.B. moet lid word van I.S.K. met behoud van sy beginselgrondslag. (Die aanbevelings van 'n verslag is tog die belangrikste daarvan. Daarom moet meer waarde geheg word aan die aanbevelings as aan die aanhalings wat mnr. P. doen. Daarbenewens kan ek ook aanhalings doen om my standpunt verder te staaf — bv. deur voort te gaan vanwaar mnr. P. opgehou het: „ . . . . 'n Gees van liberalisme en selfs ateïme maak die konferensie vir die Afrikaner laakbaar.

„En agter die naambord van „Union of S.A." sit N.U.S.A.S wat geen uitsondering is nie. Geen poging van hulle kant om selfs een goeie woordjie vir S.A. te sê nie . . . " Hier is 'n duidelike aanwysing van die taak van die A.S.B. op I.S.K.: sny hierdie bron van beswaddering van ons land af deur die stem van N.U.S.A.S. op I.S.K. te neutraliseer! Verdere aanhalings uit die verslag van mnr. v. d. Vyver „wat oor eerstehandse kennis beskik" sal my standpunt verder kan verduidelik. Ten slotte wonder ek hoekom mnr. v. d. Vyver dan so 'n aanbeveling sou kon maak indien hy uit sy ondersoek op I.S.K. oortuig geraak het dat dit tot geen nut sal wees en ook onmoontlik is om lid te word).

4. Die geleentheid tot persoonlike kontak wat die I.S.K. bied, van meer nut sal wees as vele pogings tot skakeling van buite. Daar is die studenteleiers van die wêreld byeen en in 'n toespraak van 'n kwartier kan meer bereik word as met 100 briewe. Indien A.S.B. lid is, sal vanselfsprekend meer waarde geheg word aan wat hy te sê het as wanneer hy as buitestander sy mening lug.

5. Alleen deur volwaardige lid van die I.S.K. te wees, die A.S.B. die sendingkarakter van sy beginsel ten volle kan uitleef; die C.N. deur gedurige gebruik kan versterk en 'n indruk op die buitewêreld kan maak wat ontsag afdwing. (Sien my „Weereens . . . " in die vorige Wapad). (Oor die „indruk maak" wat vir mnr. P. so onverstaanbaar is: Op die I.S.K. word die beginselgrondslag en daarmee saamhangende beleid van A.S.B. uitmekaar geskeur deur N.U.S.A.S. en sy trawante. Nou weerhou hierdie selfde grondslag — soos mnr. P. dit verstaan — die A.S.B. daarvan om hom op die terrein van die I.S.K. teen hierdie aanvalle te verweer. Hierdie sienswyse word nie eers deur mede- A.S.B.-lede verstaan nie. Wat nog te sê deur die buitewêreld?).

Ten slotte versoek ek mnr. P. in alle beskeidenheid om sy standpunt teenoor myne in 'n ope vergadering te kom stel. Ek besef dat ek hom 'n baie groot en ongewone guns vra, maar doen dit uit die volgende oorwegings:

1. Hierdie saak is van groot belang vir die A.S.B. en elke lid daarvan. Dit kan egter beswaarlik van elke lid verwag word om die ellelange disputasies in Die Wapad te volg.

2. Weens gebrek aan ruimte kan die hele kwessie nie behoorlik in Die Wapad op skrif gestel word nie.

3. Uit 'n bespreking wat uit 'n breër groep kom as die S.R., sal waarskynlik meer lig op die probleem gewerp word, want ons almal wat so nou daarmee verbonde is, is teen hierdie tyd geneig om in 'n groef te dink.

Ek dank u,

D. C. Coetsee.

# Drama en Toneel

Soos menigeen weet, bereik 'n taal eers sy hoogtepunt wanneer die drama seëvier. Die dramaturge William Shakespeare en Vondel het bv. die hoogtepunte van Engels en Nederlands respektiewelik aangedui deur hulle dramas. Ons eie volkstaal is nog steeds 'n groeiende taal en die drama en die toneel het net pas begin om 'n tydvak van bloei binne te tree.

In sy wese is die mens maar altyd 'n kind wat lief is om te speel. Net soos eet en slaap, is spel 'n menslike drang wat bevredig moet word en kan bloot bevredig word deur self te „speel" of toeskouer te wees. In die daaglikse lewe word hierdie begeerte meestal bevredig deur toneelspel. Op die toneelspeler rus daar dus die taak om in samevoeling met die skrywer se skeppinge te lewe en die idees wat die innerlike verryk, te vertolk.

Die drama en toneel het groot aanspreeklikheid op alle dele van die gemeenskap en kan derhalwe as 'n belangrike opvoedkundige middel beskou word. Hierdie twee kunsvorme met hul aantrekkingskrag en fyn en besielende eienskappe is dan ook kragtige instrumente om idees oor te dra en die innerlike te verryk. Iedereen is egter bewus daarvan dat die drama en toneel maklik hulle perke kan oorskry of onderskry en sodoende tot die laagste sport daal, en derhalwe is dit noodsaaklik dat daar gewaak moet word teen die opvoering van toneelstukke en dramas van twyfelagtige gehalte. Daar moet dus altyd 'n positiewe beeld van waardering en 'n goed beproefde maatstaf wees vir die toneel en drama. In die woorde van die Heer J. J. P. Op't Hof, kan 'n mens sê: „Periodieke opnames en waardebepaling geld vir elke gebied van die lewe en seer seker ook vir die toneel." Juis omdat die oorsprong van die drama so vêr terug in die verlede gesetel is, is dit dan moontlik om vir ons hedendaagse waardering van 'n drama juister perspektief en groter objektiwiteit te kan hê. Die oorsprong van die drama kan teruggevoer word vir meer as 2,000 jaar gelede en was inderdaad een van die boustene vir die bou van die Westerse kultuur en beskawing.

Dit is interessant om na te gaan hoe nou saam die beskawing en die drama geïntegreer is. Tydens die tye toe die beskawing 'n laagtepunt van geestelike ontwikkeling bereik het, soos in die middeleeue, het die drama ook n' tydelike dood gesterwe. Na die herlewing, tydens die Renaissance, het die klassieke drama in gedrang gekom en beroemde dramaturge soos Vondel, Molière en die geniale Shakespeare het na vore getree. Shakespeare het egter met die klassieke drama gebreek en lê die grondslag vir die romantiese drama. In die 18de eeu het die dramaturg, Lessing, die grondslag van die moderne drama verstewig. Hierna het die ontwikkeling voortgegaan tot die realistiese, die naturalistiese, die sosialistiese en kernagtige eenbedryf totdat ons vandag staan op die tydvlak van Ibsen, Haupt, Galsworthy en Shaw.

Vir ons sal die drama en toneel altyd ewig blywend wees omdat dié kunsvorme altyd hand aan hand gaan met die ewig menslike en tydlose. Die innerlike van die mens het deur die eeue nog altyd wesentlik dieselfde gebly en dit is dan juis hierdie innerlike wat die dramaturg en toneelspeler deur die eeue heen poog om uit te beeld. Die drama en toneel gee ons dan ook sekere sedelike lesse en is samestellende en verenigde vorme van die digter, musikus, danseres en kunstenaar. Volgens Sir Barry Jackson kan 'n mens ook verder sê: „Die drama werp lig op die fundamentele beginsels van die lewe deur nabootsende aksie."

So kan ons dan ook in ons studentelewe streef om op die gebied van die toneel en drama na hoër dinge te streef en die drama en toneel in hul hoogste wesens te probeer vertolk en uit te voer.

## HIEROOR en DAAROOR

Die ingedagte professor het in 'n restaurant gaan eet. Hy het die tafelbediende nader geroep en ewe plegtig gevra: „Verskoon my, maar ek wag blykbaar al lank vir my biefstuk. Sê my nou asseblief: Het jy dit vergeet, het ek dit geëet, of het ek nog nie daarom gevra nie?" — Dit moet wonderlik wees om so logies te kan dink.

* * *

Daar is 'n groep mense in Frankryk wat beweer dat spieëls die beelde van alles wat daarin weerkaats is behou, en dat dit herroep kan word deur 'n besondere tegniese toepassing van elektroniese ligte. Dit sal dan bra soos 'n televisiestel werk. Hulle beweer selfs dat daar al 'n besondere mate van sukses behaal is met die toetse.

In Amerika is 'n jaar of wat gelede bewys dat die videoglas van 'n aantal televisiestelle die beeld wat laaste daarop verskyn het, in sekere gevalle selfs 72 uur lank behou. Dit het aan die lig gekom toe 'n ingenieur een aand sy televisiestel aangeskakel het. In plaas van die beeld te sien wat toe uitgesaai word, was daar vir enkele sekondes die beeld van 'n vrou wat die vorige aand gesing het.

Nou wonder ek of mens nie maar 'n gordyntjie voor die spieël sal hang nie . . . . .

* * *

En so van spieëls gepraat:

In Agter-Indië het die polisie sowat vier of vyf jaar gelede 'n berugte moord opgelos deur die oorledene se oë onder reuse vergrootglase te plaas en die retina te bestudeer. Na bewering het hulle die onduidelike dog herkenbare beeld van die moordenaar gesien, en hom in hegtenis geneem.

Toe die Britse en Amerikaanse geneeskundiges die saak nagegaan het, was daar nie voldoende bewys van 'n mediese standpunt dat die polisie wel die beeld gesien het nie. Dog dit is bewys dat hulle hoegenaamd nie geweet het wie die moord gepleeg het nie.

Nadat hulle die vermoorde man se oë onder die vergrootglas gehad het, het hulle egter die man uitgeken.

Dié feite is onder eed deur die hoof van Saigon se polisie verstrek.

Maar dit is nog nie die einde nie! Die Franse wil nog verder gaan. Daar is 'n oogkundige, Calderon, wat met infra-rooi strale foto's van die oog dwarsdeur die ooglede neem, en nou probeer om op dié wyse mense se drome op negatiewe vas te lê.

Dit wil voorkom asof dié uitvinding rolprentapparaat gaan reduseer tot 'n lekker varkkotelet voor slapenstyd . .

* * *

Gedurende 'n feesviering van kommuniste-leiers in Leningrad het 'n gas 'n stukkie van 'n rubberbuiteband in plaas van vleis in sy bord ontdek. Op die punt om te protesteer, merk hy op dat die oë van 'n lid van die geheime polisie stip op hom gevestig is.

Skielik breek 'n glimlag op sy gesig uit, en opgewek vertel hy aan almal wat wil luister:

„Wonderlik, inderdaad wonderlik! Alles verloop ooreenkomstig ons mees optimistiese berekeninge. Hier is ons jou waarlik nog net 'n skamele vyf-en-dertig jaar aan bewind, en reeds is die perd en os deur die motor vervang!"

* * *

En dan wil dit mos soms lyk asof die moderne mense vinnig besig is om „sag" te word. Luister na hierdie een:

Die afgetrede ou Britse kolonel het op sy gewone plek in 'n Londense kroeg gesit, en met groeiende ongeduld gesit en luister na grootpratery van 'n groep oud-R.A.F.-loodse. En toe hy dit nou nie meer langer kon verduur nie, grom hy hier bo-oor sy koerant terwyl hy die as van sy sigaar aftik: „Alles goed en wel, maar julle vertoning was kinderspeletjies in vergelyking met die Boere-oorlog . . . die warm son wat jou brein byna versmelt, die sand wat jou voete verskroei, en daardie bebaarde mense wat jou dag en nag aanval.

„Gits," — en toe kom die oubaas op stryk, „eendag het ek handgemeen geraak met tien van die verdekselse goed. Het agt van hulle doodgemaak. Toe steek die ander twee my met 'n spies deur my bors en pen my daarmee aan 'n rubberboom vas. Moes daar hang vir drie dae."

Een van die pilote merk toe beleefd op: „Wêreld Kolonel, maar dit moes sekerlik werklik pynlik gewees het?"

„Nie juis nie," grom die kolonel terwyl hy sy koerant weer opneem, „slegs wanneer ek gelag het."

* * *

Die gevaarlike vrou is nie die een wat soos sjampanje na jou kop toe gaan nie, maar die een wat soos boergonje na jou hart toe gaan.

JAN RAP.

# Vivela Monica.

'n Nuwe mylpaal is bereik in die geskiedenis van die Puk, want die Pukke het vanjaar Jool gehou en nie meer Vreugdedag nie. Maar dis nog niks nie: die Pukke het ook vanjaar gespog met 'n Joolkoningin!

Maar voordat u weier om verder te lees, laat ek liewer die saak in die regte lig stel. Op die voorblad van „Die Volksblad" van 22 Mei verskyn 'n berig oor die dirigentskakery waarin vermeld word dat ene Mnr. Wa van Deventer van U.O.V.S. se netjiese krullebol verwyder is deur die **Joolkoningin** van die Pukke, met behulp van 'n elektriese skeerapparaat.

Nou is u seker baie nuuskierig om te weet wie die eer te beurt geval het? Wel as u teen hierdie tyd nog nie weet nie kan u gerus saam met ons vir Rosier de Ville gelukwens met sy goeie smaak.

Ongevraagd is 'n „lankgevoelde leemte" in ons studentegemeenskap vir ons gevul. Maar nouja, dis nie ek wat dit sê nie, want geen Puk mag dit sê nie! Tog wil ek iets anders sê: dit is gladnie snaaks dat die besondere eer nou juis die hoofdame van Klawerhof te beurt val nie, want dit is mos die lekkerste sleepplek op die Puk . . of wat praat ek nou weer alles?

(Ek dink dit is 'n „sweeping statement".—Red.)

**W. J. SPAVINS**
**en Seun**
vir alle
ELEKTRIESE
BENODIGDHEDE
Koelkaste Radio's

**Kerkstraat 101, Potchefstroom**
**Telefoon 185.**

**DAVY ROBERSON**
vir
* BETER FOTOGRAFIESE DIENSTE
en
* KUNSRAAMWERKE
**Tel. 317 - - - - - - Posbus 99**

**Studente . . . . !**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 93 — Telefoon 497**

KOM SIEN ONS
vir al u . . . . .
* Fotografiese en
* Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat,**
**Potchefstroom**

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

**Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

# Politici besoek Pretoria.

Om die langnaweek op gepaste wyse af te sluit, het ongeveer veertig studente van die Departemente Staatsleer en Naturelle-Administrasie op Dinsdag, 19 Mei, 'n besoek aan die Administratiewe Hoofstad afgelê, waar verskeie staatsdepartemente besoek is.

Die doel van die besoek was veral om beter kennis te maak met die landsadministrasie, terwyl dit ook moes dien as 'n poging om die teorie nader aan die praktyk te bring. In hierdie opsig was dit besonder geslaagd en het ook veel bygedra tot versterking van die politieke gedagte, waaraan daar nog 'n leemte by die studentegemeenskap bestaan.

Die Staasleerstudente het die oggend deurgebring as gaste van die Staatsdienskommissie en sy afdeling vir reklame. Benewens 'n gratis besoek aan die kafee in die Uniegebou is die studente oor verskeie aktuele onderwerpe toegespreek deur gesaghebbendes, bv. oor die modernisering van die staatsdiens. Besonder insiggewend was ook 'n praatjie deur 'n amptenaar van die Departement van Buitelandse Sake oor die Unie se betrekkinge met die res van Afrika.

Die namiddag is die studente deur mnr. Holtzhausen, plaaslike L.P.R., vriendelik onthaal in die koffiekamer van die Provinsiale Raad, waarna ook ander kamers van die Provinsiale Administrasie besoek is.

Naturelle-Administrasie-studente het gedurende die voormiddag besoek afgelê by die Hoofkantoor van die Desie, waar hulle toegespreek is deur mnr. C. W. Prinsloo, hoof van die partement van Naturelle-Administra-Departement se Inligtingsburo, terwyl hulle die namiddag 'n nuutaangelegde naturelledorp en naturellebiersaal besoek het (waar hulle deeglik van die gratis geriewe gebruik gemaak het).

Dit was nie alleen 'n aangename dag in die hoofstad nie, maar die vrolikheid het sy hoogtepunt bereik by die Muldersdrif Hotel waar die studente op Prof. L. J. du Plessis se koste die nodige „versterking" geniet het vir die pad huistoe.

Die studente is vergesel deur Prof. L. J. du Plessis en mnre. C. P. van der Walt en J. J. Henning.

# J.v.d.V.-Inligtingsdiens weer aktief

Blykbaar het sy besoek aan Ghana en die I.S.K. verlede jaar, Johan van der Vyver se aptyt vir die stel van moeilike sake onder moeilike omstandighede geweldig verskerp. Vandaar dat hy op uitnodiging van die Universiteit Natal 'n massavergadering op Pietermaritzburg toegespreek het op Vrydagaand, 15 Mei. Dit is, sover vasgestel kan word, die eerste keer dat 'n A.S.B.-man deur 'n NUSAS-tak uitgenooi is om hulle te kom toespreek. Dit, tesame met die bywoning van die A.S.B.-kongres deur waarnemers van die NUSAS-sentra, is blyke daarvan dat NUSAS die A.S.B. begin aanvaar as 'n kragtige organisasie.

**TOESPRAAK:**

Die toespraak van mnr. v. d. Vyver het gegaan oor „Racial Policy of the A.S.B. — in connection therewith my visit to Ghana and Nigeria."

In die gang van sy betoog is die toehoorders—die meerderheid vir die eerste keer in hul lewe—ingelig oor wat die A.S.B. is; sy rassebeleid; die optrede van NUSAS en andere in die buiteland en meer bepaald tydens die besoek van mnr. van der Vyver in Ghana en Nigerië.

Samevattend het mnr. van der Vyver gekonkludeer: „Now you may ask me what I am driving at. I have tried to:

(1) state clearly what the racial policy of the A.S.B. is; and

(2) reply to this question put to me on many occasions: 'If world opinion is so much against your policy, don't you ever doubt the validity of that policy?

As long as world opinion is based on such statements as those made at I.S.C., I cannot take note of it and as long as such statements are being made, I will fight anyone who makes it with all the strength at my disposal, because I love my country and my people and I loathe anyone who wishes them harm. I grant anyone the right to criticize wherever he may be as long as his criticism is sincerely held and based not only on the facts, but on **all** facts."

Na die toespraak is talle vrae gevra. Die groot belangstelling was kenmerkend van die neiging veral onder die studente van die Engelstalige universiteite om nouer kontak te maak met die Afrikaanse student.

# Prof. du Plessis voor A.S.B.

Vanweë sy besonder heldere en besliste siening en standpunt t.o.v. politieke sake, asook die vermoë om 'n saak op luimige wyse aan te bied, was prof. du Plessis nog altyd 'n uiters gewilde spreker voor die studente.

In sy toespraak Donderdagaand voor die A.S.B. het prof. du Plessis laat blyk dat daar op die oomblik miskien meer belangrike dinge gedoen kan word as om oor 'n Republiek te redekawel. Die oorgaan tot 'n Republikeinse staatsvorm sal nie veel verandering in ons ekonomiese lewe te weeg bring nie. Stellig sal dit help om ekonomiese voorspoed te stimuleer, en hieronder is genoem die moontlike stigting van 'n lank beoogde Sosiale Beplanningsraad.

In die bespreking ná die toespraak het prof. du Plessis in antwoord op vrae gestel, gesê dat die lone wat ons naturelle vandag ontvang, skandalig is. Dit is tyd dat ons die toestand besef en in die regte lig sien. Gemiddeld kry die naturel, alles ingesluit, £8 per maand — terwyl na berekening 'n minimum van £30 per maand vereis word om, veral in die stede, 'n redelike bestaan te kan maak.

Ten einde dan in sy behoeftes te voorsien is die naturel genoodsaak om van allerlei onwettighede gebruik te maak.

Op 'n verdere vraag het prof. du Plessis geantwoord dat ons wel sonder naturelle-arbeid sal kan klaarkom. In hierdie opsig bied die staat Israel 'n goeie voorbeeld, daar hulle ook jare lank van goedkoop Arabiese arbeid gebruik gemaak het.

Die standpunt wat prof. du Plessis gestel het was in ooreenstemming met sy sienswyse soos in die jongste tyd in verskeie koerante gepubliseer.

Van belang is egter dat hy daarin geslaag het om die besef by sy gehoor tuis te bring dat die probleme van ons land nie die probleme van „ander mense" is nie, maar dat hulle **ons** probleme is, en dat die uitdaging aan **ons** gerig word om hulle op te los.

**P.T.O. (Powere Twaalf Organiseerders) bied met genoeë aan:**

# „Orpheus in die Doderyk"

**Die Wapad se pryswennende kortbedryf/Eenverhaal vir Junie-maand.**

**Agtergrondmusiek:** „THE DESERT SONG".

**Toneelaanwysings:**

Dis Meimaand, die jaar 2058. Die handeling speel af in 'n donker, bedompige grafkelder. (N.B.—Die grafreuk moet eintlik gesuggereer word deur die houding van die spelers, maar indien die Regisseur 'n meer realistiese effek verlang, kan hy gerus 'n muishond gebruik).

Deur die sleutelgat kerm 'n koue, saaklike woestynwind wat langsamer-hand lewe bring in die stofoordekte doodsbeendere op die keldervloer. Rondom 'n leë koffiekan in die middel van die verhoog „just sits" 'n paar intelligente filosowe met wasgoedpenne aan hulle neuspunte (dit help glo vir die grafreuk).

Alles en almal is letterlik dood-tevrede, behalwe die elektroniese brein (in die regterhoek van die verhoog) wat al onheilspellender ‚idle'. Gevolglik merk niemand dat die elektriese bliksnyer besig is om gate te boor in die koffiekan nie, terwyl die outomatiese skoenborsel ywerig is om valstande in die skoenpolitoer te druk.

Orpheus sit hom en vererg vir 'n halfdosyn slapende joernaliste, juis toe die Geestige Bewussyn ontdek dat die ‚Gees' alweer ontsnap het deur die sleutelgat. Peetrofski bepleit nog „aanpassing by omstandighede", maar vir Orpheus se kunstenaarstemperament hou soiets slegs diepe walging in.

**Orpheus:** „Jy daar, Krentebrood! Is jy nie supposed om te bewaak die Gees van die Kalahari nie? Op jou agterpote; doen iets — organiseer 'n spookjag!!"

**Krentebrood:** „Pipe down, Buddy, ek was besig om te lees jou laaste comic. En waar dink jy sal ek kry die goedkoop papier om uit te skryf 'n „notice" vir die 350 Republicans?"
(Maar voor **Orpheus** kon antwoord, bloos **La Walti** gevaarlik en verander die onderwerp van disputasie).

**La Walti:** Meneer die Voorsinger, **Krentebrood** het laas gemoan oor die kinders blikaspaai speel daarbuite met leë koffiekanne. Hy sê hulle oordonder die **Desert Song** daarmee. Kom ons gee vir die kinders weer blokkies, dan sal hulle ophou om te „Kick the Bucket!"

**Peetrofski:** Onthou net, die oublokke is „no good"; die Republiek wil liewers kyk die nuwe prentjies en snêps in die Wapad.

(„Shot!" Hoop party sosialiste wat voel daar word te min oor hulle geskinder).

**Krentebrood:** Oraait, maar dan moet die Groot Raad vir die Republiek 350 vêrkykers of teleskope bestel, want die blokke is 'n bietjie vêr.

(Orpheus is nou dik vir die spoke en flou tee wat so onnodiglik gepropageer word — in die besonn(ig)e **Olimpia** waar hy vandaan kom, is sulke dinge oorbodig. Hy soek nou 'n nuwe slagoffer, terwyl **La Waltski** oortuig voel die Groot Raad sal met plesier die nuwe blokkies subsidieer. Maar hy aikôna apriesieit lô Sputnikafleweringsdiens van sy „morning papers".

**Orpheus** (se soektog is beloon): Ahaa, daardie **OnDeWettige** sportman! Jy moet soos ek maak die nuwe poëtiese terme vir jou foebôl-games: „Die staande en slepende rym op die pawiljoen het gecheer soos die Crickets, oh Boy, want die losskakel paas die bôl na die onderwerpskakel wat oor die kwartlyn cruise met 'n netjiese geweerloop om die steelkant van die skeidsregter, om te gaan vervyf die drie op die telbord!"

'n Erbarmlike gemiaau vanuit die koffiekan bring aan die lig dat die elektriese skeermes die koshuiskat aan die stert beet het en hom venynige knype toedien in die beskermende donkerte van die leë blik. Die elektriese grassnyer bied vervolgens 'n gratis haarsny aan party Redaksielede, terwyl een van die Intelligentsia gevaar loop dat die outomatiese ruitskoonmaker sy make-up gaan afwas. ......**Peetrofski** besef dat algehele anargie sal hoogty vier tensy daar ingegryp word, en lê die rieme neer Hoofgebou toe, met die outomatiese „Battery-charger" kort op sy voortvlugtende hakke . . . om die hoofskakelaar te gaan „afswitch!"

GORDYN

(Copyright strictly reserved)



**DRIES YSSEL**

**. . . . en BOKMELK**

U het gevra vir kleurryker advertensies; hoe lyk hierdie een?

Bostaande is 'n foto van Dries voordat hy **BOKMELK** begin drink het.

**Die duidelike resultaat sal u sien as u nóu na hom kyk.** Volgens hom is daar niks beter om die groei van 'n bokbaard aan te moedig as die romerige, vars bokmelk nie. Sorg egter dat dit die melk van 'n Boerbok is.

## I. K. SE ADVERTENSIEKOLOMME

**(Tel. £. s. d.)**

**Aandag alle STUDENTE!**

Waarom het ons VOETE gekry?
Om die **SKOEN** wat pas aan te trek.
**Ruk dus op soos DUISENDPOTE na —**

**IKEY SE SKOENWINKEL,**

**Gewetestraat 350—1500, - - - - - - - POTCHEFSTROOM**

Aan die **Baiesukkelende Jeug:** **STOP!!**

Moenie hoër vlieg as wat u vlerke lank is nie!
Besoek:

**IKEY'S GARAGE**

vir:

**Betroubare FIETSREMME.**

**(Op die hoek van Kerkhof- en Hospitaalstrate).**

SIMPATIEKE DIENS GEWAARBORG!

**Are you feeling DISPIRITED?**

Visit our SPIRITED merchants every night.
Studente, vir SPIRITUALIEË en WYNSOORTE, raadpleeg ons INGEVOERDE SPIRITISTE en

UITGEVOERDE ALKOHOLISTE.

**(Hoek van Hangover- en Repentance-straat)**

(Mevroutjies, doen nie kommer oor die toekoms! Manlief se leë beursie sal wees teruggestuur word in die more).

# Western Reefs klop Eerste span 19-9

## — FIRES VAAR DIE BESTE —

In 'n wedstryd wat gekenmerk was deur verswakte eerste spanne aan beide kante, het Western Reefs Saterdag die P.U. eerste span met 19 punte teen 9 onder stof geloop.

Hoewel P.U. se geskommelde agterlyn vol lewe en taamlik knaend was, het die voorspelers 'n baie tam vertoning gelewer en ons eerste span moes swig voor die goeie samespel van die mynspan. Leon Thom het 'n redelike vertoning op losskakel gelewer, maar het ongelukkig nie die wind in ag geneem nie en 'n paar onoordeelkundige skoppe gelos. Die senters se hanteerwerk was ook nie van die beste nie, maar die verdediging was soos altyd goed. P.U. was ongelukkig deurdat twee spelers beseer is en die veld moes verlaat. Eerstens het Nic Viljoen 'n ligte harsingskudding opgedoen, maar het tog weer later teruggekom om 'n pragdrie te kom druk. Dan het skrumskakel Alf Huyser 'n ribbesering opgedoen en ons kan maar net hoop dat dit nie te ernstig is nie.

Amie van Wyk, wat met tye vleuel en met tye skrumskakel moes speel benewens agsteman, het 'n bars gespeel en was beslis die uitstaande P.U. speler op die veld. Dit kan egter nie van die res van die voorspelers gesê word nie. Met uitsondering van Terry Roscher, wat nog so af en toe probeer spook het, het die voorspelers hulle skuldig gemaak aan slordige en lamlendige spel wat beslis nie in ons rugby tuishoort nie. Daar sal beslis 'n verbetering moet intree as ons iets wil uitrig teen Dorp, Lichtenburg en Wits.

P.U. se punte is aangeteken deur Roscher wat na 'n mooi beweging oorgeduik het; Nic Viljoen, met 'n ewe mooi drie; en Denis Crause met 'n strafskop.

**NAVY.**

Navy, self met 'n verswakte span, moes die knie buig met 8—3. Hierdie wedstryd het egter meer hoogtepunte opgelewer as die hoofwedstryd en met 'n beter gees en hegter samespel behoort Navy nie geklop te word nie. Piet Roos se hardewerk agter die skrum en Rassie van der Westhuizen se suiwer heelagterspel verdien vermelding.

Rassie het dan ook Navy se enigste punte met 'n strafskop aangeteken.

**FIRES.**

Van al die P.U. seniorspanne het Fires weer Saterdag die beste daarvan afgekom toe hulle gelykop gespeel het teen Western Reefs, sonder dat daar enige punte aangeteken is. Hoewel die afwesigheid van Jorrie Jordaan duidelik merkbaar was, het Fires se losvoorspelers die toon aangegee en manne soos Bosman en Otto sal nie meer lank uit Navy gehou kan word nie.

Op losskakel het Henning 'n stewige vertoning gelewer.

**TEKKIES.**

Tekkies het op P.U. veld 'n nederlaag van 11—0 teen Dorp gely. Hoewel die Tekkiemanne hard gespook het, kon hulle net nie deur die rotsvaste Dorpspan dring nie. Tog steek daar iets in die Tekkiespan en bewys dit weer eens dat die oefeninge beter ondersteun behoort te word.

**O/19A.**

Ten spyte daarvan dat sewe van O/19A se gereelde spelers Saterdag vir Wes-Transvaal gespeel het, het hulle nog daarin geslaag om Dorp met die kous oor die kop huistoe te stuur. Telling: 21—6.

Idyll v. d. Walt.

## WAPADDATUM.

**Die volgende Wapad sal verskyn op Donderdag 19 Junie. Alle stof moet asseblief 'n week voor die tyd, in getikte vorm, in die posbus van die Wapad wees om in aanmerking te kom vir plasing.**

# MANSHOKKIE:
## PUK klop Strahvaal

Puk se eerste Manshokkiespan het verlede Saterdag daarin geslaag om hierdie mynspan van Stilfontein die loef af te steek met 'n oorwinning van 2—1. Die telling moes eintlik 2—0 gewees het, want die een doel wat Strahvaal gekry het, is deur Puk self aangeteken: Puk se doelwagter het per ongeluk die bal in die doel geskop.

Verswak deur die afwesigheid van kaptein Christie Coetzee en ook Koos van Wyk het die Puk nogtans baie goed gespeel. Die ou staatmaker Horst Wiese het weer vir die meeste mooi bewegings gesorg. Piet van Wyk en Paul de Bruyn het ook 'n groot aandeel gehad aan Puk se oorwinning en sommer puik spel gelewer.

Puk se doele is in die eerste helfte aangeteken deur Horst Wiese en Gert Snyman. Strathvaal het hul geskenk in die tweede helfte gekry.

Die span as geheel het baie goed vertoon en ons afrigter mnr. van Wyk meen dat daar nog 'n moontlikheid bestaan dat die Pukke die liga kan wen.

C. J. van Wyk.

# Prof. Engelbrecht Spreek Korps V.V. toe

**Eerskomende Donderdagaand (5 Junie) hou Korps V.V. hul derde ledevergadering van die jaar. By dié geleentheid sal prof. Engelbrecht, Hervormde teologiese professor van Pretoria, die vergadering toespreek oor 'n selfgekose onderwerp.**

# De Klerkhuis Stig Babasittersburo

Verkies u 'n gesellige sitkamer vir die koue wintersaande bo 'n koue spykerbankie of ongesellige koshuiskamer? Tree dan dadelik in verbinding met die pasgestigte **BABASITTERSBURO**, per adres een van die volgende persone in De Klerkhuis:

A. TOM,
M. GEERE,
D. KOTZE,
H. v. d. DUSSEN.

Ons sal alle verdere reëlings tref. U kry besoldiging, waarvan 'n klein kommissie aan die Buro afgedra moet word.

Slepers, sowel as non-sleepers word benodig.

KOM KYK BY . . . .

**J. HEIDEMA**

**FOON 364 - - - - - - - - - - KERKSTR. 48,**
**POTCHEFSTROOM**

☐ FIETSE,
☐ BROMFIETSE,
☐ MOTORFIETSE,
☐ TIKMASJIENE, ENS.

**WESTVAAL**

**Studente!**
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

**WESTVAAL**

VIR BETER FOTOGRAFIE



**Beyers Claassen**

**Lombardstraat - - - - - Potchefstroom**